

Die digter Antjie Krog is benoem vir haar bundel *Plunder*, wat in 2023 die Hertzogprys ontvang het.

Die skrywer S.P. Benjamin is benoem vir sy plaasroman *Dinge van 'n hond*.

Die skrywer S.J. Naudé is benoem vir sy roman *Van vaders en vlugtelinge*, wat die UJ-prys vir Afrikaans gewen het.



Naudé is ook benoem vir sy kortverhaalbundel *Dol heuning*, wat in 2022 met die UJ-prys vir Afrikaans vereer is.



Etienne van Heerden is benoem vir sy roman *Gebeente*.



Eben Venter is benoem vir sy roman *Decima*.

Húlle is benoem vir die Helgaard Steyn-prys vir skryfkuns

Kunsredaksie

Vier romans, 'n digbundel en 'n kortverhaalbundel is op die kortlys vir die gesogte Helgaard Steyn-prys, wat vanjaar vir Afrikaanse skryfkuns toegeken word.

Die prys beloon elke jaar skeppende werk wat die Suid-Afrikaanse kultuurskat verryk. Enige kunstenaar wat in Suid-Afrika gebore is, word jaarliks vereer. Die prys word om die beurt aan 'n skilder, beeldhouer, komponis en skrywer toegeken.

Die vereerde ontvang 'n kontantprys uit die Helgaard Steyn-trust.

Die skrywers op die kortlys is:

S.P. Benjamin vir sy plaasroman, *Dinge van 'n hond* (Penguin Random House, 2021);

Antjie Krog vir haar jongste digbundel, *Plunder* (Human & Rousseau, 2022). Krog is in 2023 met die Hertzogprys vir die bundel vereer;

S.J. Naudé is twee keer benoem; vir sy kortverhaalbundel *Dol heuning* (Umuzi, 2021), sowel as vir sy roman *Van vaders en vlugtelinge* (Human & Rousseau, 2023);

Etienne van Heerden vir sy roman *Gebeente* (Tafelberg, 2023); en

Eben Venter vir sy roman *Decima* (Penguin Randon House, 2023).

Enige Afrikaanse werk – fiksie of nie-fiksie – wat tussen 2020 en 2023 verskyn het in 'n oplaag van minstens 300 eksemplare, het in aanmerking gekom vir die eerbewys.

Die sameroeper van die beoordeelaarspaneel vanjaar was Henning Pieterse (Universiteit van die Vrystaat). Die ander paneellede was Thys Human (Noordwes-Universiteit) en die skrywer Valda Jansen. Elke jaar word die beoordelaars saamgestel uit 'n benoeming elk van die Universiteit van die Vrystaat, die Noordwes-Universiteit, en 'n derde onafhanklike beoordelaar wat deur die benoemde kandidate aangewys word.

'n Totaal van 97 boeke is vir vanjaar se Helgaard Steyn-prys in ag geneem en voorgelê nadat 'n openbare versoek vir voorleggings uitgestuur is. Die aanbod sluit in digbundels, kortverhaalbundels, romans en novelles asook teologiese, historiese en filosofiese tekste.

Pieterse meen dat die aanbod breedweg gesien op 'n hoër vlak is as die vorige ronde, al is minder titels ontvang as die 150 wat in 2020 ingedien is.

"Dit dui daarop dat dit baie goed gaan met Afrikaanse skryfkuns oor verskeie velde heen. Om 'n kortlys uit soveel uitstaande titels saam te stel, was 'n groot uitdaging vir die beoordelaars," het hy in 'n verklaring van die trust gesê.

Die vorige wenners van die skryfkuns-prys is Karel Schoeman vir *'n Ander land* (1988); John Miles vir *Kroniek uit die doofpot* (1992); Breyten Breytenbach vir *Nege landskappe van ons tye bemaak aan 'n beminde* (1996); John Kannemeyer vir *Leipoldt: 'n Lewensverhaal* (2000); Dan Sleigh vir *Eilande* (2004); Marlene van Niekerk vir *Agaat* (2008); Hermann Giliomee vir *Die Afrikaners* (2008); P.G. du Plessis vir *Fees van die ongenooides* (2012); Willem Anker vir *Buys* (2016); en Lodewyk G. du Plessis vir *Die dao van Daan van der Walt* (2020).

Die Helgaard Steyn-trust spruit uit die boedel van dr. Jan Steyn, wat 'n Volksraadslid vir Potchefstroom en direkteur van maatskappye in die Rembrandt-groep was. Hy het die trust na sy pa genoem.

Helgaard Steyn was 'n lid van die provinsiale raad van Bloemfontein en 'n jonger broer van pres. M.T. Steyn van die destydse Oranje-Vrystaat.

Die wenner van die Helgaard Steyn-prys word op 24 September bekend gemaak.